N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 22

28 Mei 2023

Die Heilige Gees (3)
Wie is die Heilige Gees?

Hy maak ons doeltreffende getuies
Op Pinksterdag (Hand 2:1-4) is die Heilige Gees aan alle gelowiges gegee. Dit het die Kerk bemagtig om doeltreffende getuies te wees waar hulle ook al gegaan het (Hand 1:8). Hy is steeds op aarde en al is Hy deel van ons alledaagse ervaring (soos die hele Drie-Eenheid is), word elke gelowige beveel om die bemagtigende teenwoordigheid van die Heilige Gees te ontvang. "Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen. Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul" (Ef 5:17-21). Die Grieks gebruik 'n term wat beteken om "deurlopend gevul te word"; dit beklemtoon dat ons voortdurend met die Gees vervul moet word. Dit is nie 'n "eenmalige" ervaring nie, maar 'n opdrag om deurlopend in aktiewe gemeenskap met Hom te bly
Hoekom is die Heilige Gees aan die Kerk gegee?
Die Heilige Gees stel ons in staat om reg te lewe (Gal 5:22-23). Hy bemagtig ons om doeltreffende getuies te wees en Hy veskaf die middele om ons taak as ambassadeurs vir Christus te vervul (2 Kor 5:20). Die "gereedskap" daarvoor sluit nege bonatuurlike gawes van die Gees in (1 Kor 12:28).
Wanneer en hoe gee ons aan die Heilige Gees oor?
Die Heilige Gees woon in elke opregte gelowige. Die Bybel sê dat die inwonende Heilige Gees die teken is of iemand 'n ware kind van God is. "Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie" (Rom 8:9). Niemand kan gered word tensy die Vader hom of haar na Jesus toe trek nie (Joh 6:44). Die Vader trek ons deur die Heilige Gees wat ons van sonde oortuig (Joh 16:8) en ons na Cristus toe lei.
Ons weet die Heilige Gees is die derde lid van die ewige Drie-eenheid, gelyk aan die Vader en die Seun in eer, krag en heerlikheid. Daar word soms in die Nuwe Testament na die Drie-eenheid verwys as die Godheid.

Dankie!

- **Vir die kragtige werking van die Heilige Gees in ons lewens!**
- **Vir God se Vader liefde, 'n liefde wat onbegryplik en onbeskryflik is, onvoorwaardelik! Hy ís Liefde! Dit is Sy Wese!**
- **Dankie dat die Heilige Gees vir ewig by ons sal wees, die Gees van die waarheid en dat ons Hom kan ken!**
- **Dat Hy ons gewillig en bekwaam maak om ons roeping uit te leef!**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons jeug in skole en studente – dat hulle ook God se hart vir hulle sal ontdek.
- Vir die Eskom krisis..

Gebedsversoeke

- Lottie Conradie
- Maria Steyn
- Oom Sampie Swart
- Jaco Steenkamp
- Tannie Marinda Jordaan
- Ina van der Merwe
- Annika Killian
- Leonie Kruger
- Petrus Venter
- Heleen Lamont
- Cedric Wiegand
- Ria Putter
- Oom Stoffel Reynders
- Monty Pienaar
- Heleen J van Vuuren
- Stefaans du Plessis
- Sumari Pretorius
- Benny Jansen
- Jillian Jansen

Ons innige meegevoel met Willie & Sanet Britz en familie met die afsterwe van haar pa Oom Eberhard Carshagen.
Ons innige meegevoel ook aan Susan van Zyl en familie met die afsterwe van haar moeder, tannie Sannie Strauss.
Ons innige meegevoel ook aan Wynand & Amerie Storm en familie met die afsterwe van haar moeder, tannie Hester Weldhagen.

Gedagte vir die week

..en wanneer die Vader in My Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. (Joh 15:26)

Gebedsversoeke:
Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org